CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

# CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

## Natuurwetenskap en Tegnologie – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

*Voorbeeld 1:-*

| 4. | a | b | c | d |
|---|---|---|---|---|

*Voorbeeld 2:-*

| 4. | a | b | c | d |
|---|---|---|---|---|

**1. Sonneblomme is hul naam gegee omdat hulle hul gesigte na die son draai. Hierdie is 'n voorbeeld van watter lewensproses?**
(a) Groei. (b) Voeding.
(c) Beweging. (d) Asemhaling.

**2. Kransswaels bou hul neste hoog teen die kranse. Watter lewensproses assosieer ons met eiers in die nes?**
(a) Voeding. (b) Voortplanting.
(c) Beweging. (d) Asemhaling.

**3. As jy per ongeluk aan 'n baie warm voorwerp raak en jou hand vinnig terugtrek, watter lewensproses demonstreer jy?**
(a) Uitskeiding. (b) Voeding.
(c) Sensitiwiteit. (d) Respirasie.

**4. Watter van hierdie is waar?**
(a) Slegs diere deel die sewe lewensprosesse.
(b) Slegs plante deel die sewe lewensprosesse.
(c) Plante en diere deel al sewe lewensprosesse.
(d) Plante en diere deel slegs vier lewensprosesse.

**5. Watter van hierdie is ***nie*** 'n lewende ding ***nie***?**
(a) Droë gis. (b) Droë boontjiessaad.
(c) Bevrugte voëleier. (d) 'n Fossiel.

**6. Watter toestand is ***nie*** nodig vir 'n saad om te ontkiem ***nie***?**
(a) Vog. (b) Suurstof.
(c) Sonlig. (d) Hitte.

**7. Watter deel van die plant is verantwoordelik om water en minerale uit die grond te absorbeer?**
(a) Blaar. (b) Wortels. (c) Stingel. (d) Vrug.

**8. Watter deel van die plant lok bestuiwers om die plant te help om voort te plant?**
(a) Wortels. (b) Stingel. (c) Blaar. (d) Blom.

**9. Plante neem ..... in en stel ..... vry.**
(a) suurstof, koolstofdioksied
(b) koolstofdioksied, suurstof
(c) suurstof, stikstof
(d) stikstof, koolstofdioksied



**10. Wat het plante nodig om te groei?**
(a) Suurstof, koolstofdioksied en suiker.
(b) Suiker, water en lug.
(c) Sonlig, water en lug.
(d) Koolstofdioksied, water en klippe.

**11. Watter van hierdie is die korrekte omskrywing van 'n habitat?**
(a) 'n Nasionale park waar diere aangehou word.
(b) 'n Plek waar plante en diere natuurlik gevind word.
(c) 'n Nasionale dieretuin.
(d) 'n Veilige skuiling vir bedreigde spesies.

**12. Watter van hierdie diere sou ***nie*** in 'n droë halfwoestyn gevind word ***nie***?**
(a) Akkedis. (b) Slang. (c) Padda. (d) Spinnekop.

**13. Diere het 'n habitat nodig vir kos, .....**
(a) water en grond.
(b) water en skuiling.
(c) voortplanting en proteïen.
(d) beskerming en kamoeflering.

**14. 'n Eienskap wat 'n lewende ding help om in sy omgewing te oorleef, is .....**
(a) uitwissing (b) instinkt.
(c) aanpassing (d) lewensiklus.

**15. Watter kenmerke is voorbeelde van eienskappe wat diere help om in hul omgewing te oorleef?**
(a) 'n Lang stert vir balans, en skerp kloue om bome te klim.
(b) Vier bene, twee ore, 'n neus en 'n bek.
(c) Twee oë, nek en 'n massa van omtrent 100 kg.
(d) Slaap gedurende die dag, en is snags aktief.

**16. Watter van hierdie is ***nie*** 'n voorbeeld van voortplanting ***nie***?**
(a) 'n Perdeblom produseer en versprei sy sade.
(b) 'n Kat het kleintjies.
(c) 'n Groot rots word verpletter in duisende klein stukkies gruis.
(d) 'n Aarbeiplantserank ontwikkel 'n nuwe plantjie.

**17. Watter dier se tipe liggaamsbedekking verskil van die res?**
(a)

(b)

(c)

(d)

Voorbeeld